# EMIGRASIE EN DIE ERASMUSSE VAN BRUINTJIESHOOGTE

**J.C. Visagie**
*Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch,*
*Stellenbosch, 7600*

**Emigration and the Erasmus family of Bruintjieshoogte**

Among the earliest reports on specific families preparing to emigrate was one on the Erasmus family of the Bruintjieshoogte ward in the Somerset district. Questions relating to the origin, nature and scope of the emigrating idea are dealt with in relation to that early report. Also dealt with are the approximate numbers of Erasmuses who became Voortrekkers, and from which parts of the Cape Colony they emigrated.

Een van die vroegste berigte oor 'n spesifieke gesin wat voorbereidings getref het om te emigreer, was dié oor die Erasmusse van die wyk Bruintjieshoogte in die distrik Somerset. Die problematiek van die ontstaan, voorkoms en verspreiding van die trekgedagte word aan die hand van hierdie studie verduidelik. Die benaderde getal Erasmusgesinne wat Voortrekkers geword het en uit watter streke in die Kaapkolonie hulle getrek het, word ook behandel.

In navorsing oor die Kaapse oosgrens op die vooraand van die Groot Trek kom stadig maar seker name van persone na vore wat met die ontstaan van die trekgedagte verbind kan word. Dit is by uitstek navorsing waar honderde bande deurgewerk moet word, sonder die vooruitsig dat 'n noemenswaardige hoeveelheid betekenisvolle inligting gevind sal word. Nietemin het navorsing in die afgelope dekade of twee 'n paar interessante Afrikaneroosgrensboere op die voorgrond gebring. Ons weet lankal reeds dat Piet Retief in Augustus 1832 in 'n brief laat blyk het dat hy 'n nedersetting in die noorde begin oorweeg het.[1] Latere navorsing het ook aan die lig gebring dat veral Hans Dons de Lange en Willem Petrus Meyer as vroeë draers van die trekgedagte beskou kan word.[2] Betreklik onlangs is ook daarop gewys dat De Lange, Meyer en andere so vroeg as 1830 met dié gedagte in verband gebring kan word.[3]

Wat betref navorsing oor die ontstaan van die trekgedagte is daar dus redelike vordering in die afgelope jare gemaak. Oor die eerste vroeë Trekkers uit die Kolonie het daar ook enkele duideliker beelde na vore gekom. Dit word vandag aanvaar dat Louis Tregardt se vertrekdatum uit die Kolonie in die eerste paar maande van 1834 was. Hierna het hy nog tot September 1835 in die nabyheid van die Kaapse oos- en noordoosgrens vertoef en toe finaal noordooswaarts beweeg. Andries Hendrik Potgieter se vertrek uit die Tarka kan teen die einde van 1835 gestel word, maar oor sy voorbereidings en vertrek is daar steeds 'n digte sluier getrek. Enige stukkie inligting wat dus oor die vroeë fase van die Groot Trek aan die lig kom, kan bydra om 'n beter begrip van die geheel te vorm.

Een van die vroeë berigte oor persone wat voorbereidings getref het om te emigreer en wat nie voorheen bekend was nie, is dié oor Lourens Jacobus Erasmus en drie van sy seuns. Die onderwerp is belangrik genoeg om nader te ontleed en vas te stel wie hierdie mense was en of hulle inderdaad reeds so vroeg vertrek het.


Lourens Jacobus Erasmus (gebore 8-3-1774)[4] en sy groot gesin moes mense van aansien in die wyk Bruintjieshoogte van die distrik Somerset gewees het. Hy en sy

---

Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.B.), Kaapstad: 1/A.Y. 8/83 Ontvange Stukke, P. Retief - D. Campbell, 25-8-1832, ongepagineer.

C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Kaapstad, 1974), pp. 247-251.

3. J.C. Visagie *Die trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* (Stellenbosch, 1989), p. 31.
4. J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagregisters II* (Pretoria, 1989), p. 220.


BRUINTJIESHOOGTE
EN
OMGEWING
C. 1835
10 5 0 10 20 30 km
CRADOCK
Tarka
TARKA
WINTERBERG
Tarka
Groot-Vis
BAVIAANS RIVIER
Mankazana
SWAGERSHOEK
Klein-Vis
(PEARSTON)
Baviaans
Kokskraal
Esterhuis Poort
(BEDFORD)
(ADELAIDE)
Koonap
GROOT-BRUINTJIESHOOGTE
ROSBERG
Glen Avon
Rietfontein
Doornkloof
SOMERSET (-OOS)
Karkotskraal
Mullerskraal
Plathuis
Kaga
Kleinleeufontein
RIET RIVIER
Bruintjieshoogte
Brak
Klipplaat
Elizabeth
Riet
Goedgenoeg
BO-BOESMANS RIVIER
Voël
Klein-Vis
Groot-Vis
Junction Drift
Kommadagga
KLEIN-BRUINTJIESHOOGTE
Boesmans
Nuwejaars
SUURBERG
SUURBERG
Sondags

oudste seun, byvoorbeeld, het elkeen heelwat meer slawe as die gemiddelde slawe-eienaar van hul omgewing besit. Lourens sr. het 16 slawe en sy seun Jacob het agt slawe gehad. Daarby het hulle elkeen minstens een plaas besit, naamlik Doornkloof en Rietfontein.[5] Albei plase was in die wyk Bruintjieshoogte geleë.

Soos baie ander Afrikanergrensboere het Lourens Erasmus in die jare twintig en dertig van die 19de eeu sekerlik die benoudheid beleef om in die toenemende behoeftes van sy gesin te voorsien. Teen die middel van die jare dertig het sy gesin reeds uit 18 kinders bestaan. Uiteindelik het hy minstens 20 kinders gehad onder wie agt seuns. Teen ongeveer 1830 was vier van hierdie seuns volwasse mans, wat elkeen waarskynlik 'n plaas van hul eie begeer het.[6] Maar teen Augustus 1835, dit wil sê op die vooraand van die Groot Trek, het blykbaar net twee seuns op hul eie grond geboer. Die oudste seun, Jacob Lourens Carolus Erasmus, het die plaas Rietfontein met die tweede oudste broer, Coert, gedeel.[7] Veral by die seuns was daar 'n groot versugting na meer en goedkoop grond.

Die outeur van die berig oor die Erasmusse wat dan op die punt sou gestaan het om die Kolonie te verlaat, was die bekende Engelssprekende boer Robert Hart, wat naby die Erasmusse op sy plaas Glen Avon geboer het. Tot omstreeks 1824 was Hart 'n plaasbestuurder van die regeringsproefplaas waarop die dorp Somerset in die volgende jaar tot stand gekom het.[8] Vermoedelik het hy Hollands goed verstaan, want dit was immers die taal wat die meeste van sy werkers verstaan het. Teen 1835, dit wil sê tien jaar later toe hy die vermelde brief geskryf het, kon hy waarskynlik reeds op 'n manier Hollands praat. Trouens, sy gebrekkige Engels toon reeds Hollands/Afrikaanse invloed.

In dié betrokke brief skryf Hart op 31 Augustus 1835 vanaf sy plaas aan Hougham Hudson, die oorlognoodlenigingsbeampte in Grahamstad, dat hy daardie dag op Somerset was en tot sy uiterste verbasing moes vind dat baie mense voorbereidings tref om die Kolonie se grens oor te steek.[9] Voorts het hy gevind dat Lourens Jacobus Erasmus en sy seuns Jacob, Coert en Lourens jr. op die punt gestaan het om die Kolonie te verlaat. Lourens sr. het glo al sy invloed gebruik om 2 tot 300 lb. (ongeveer 91 tot 136 kg) kruit te koop. Erasmus het ene Peacock, 'n handelaar in Somerset, versoek om die kruit vir hom in die hande te kry. Volgens Hart was Peacock bereid om Erasmus se versoek aan hom onder eed te bevestig, maar dit sou Peacock se saak skaad as dit aan die lig sou kom dat hy die informant was.

Hart het vervolgens vasgestel dat Erasmus eweneens by die buskruithandelaar Butler verskeie maal buskruit wou koop. Albei buskruithandelaars, nl. Cawood en Butler, het Hart meegedeel dat hulle nie so baie buskruit in voorraad gehad het as waarvoor Erasmus aansoek gedoen het nie. Hart het dus die gevolgtrekking gemaak dat die Erasmusse nie soveel buskruit kon kry as wat hulle wou gehad het nie; daarenteen was lood vir die maak van koeëls volgens hom vrylik in Port Elizabeth, Uitenhage en Graaff-Reinet beskikbaar.

Verder het Hart in hierdie verband opgemerk dat die Erasmusse nie die enigste mense was wat gereed gemaak het om die Kolonie te verlaat nie. In die wyk Swagershoek was daar volgens hom ook ontevredenheid. Die siviele kommissaris en die assistent-siviele kommissaris was glo albei reeds oor die Erasmusse se planne ingelig.[10]

Ofskoon Robert Hart nie in sy brief geskryf het waarheen hierdie mense wou verhuis nie, is dit minstens seker dat 'n permanente emigrasie ter sprake was. Trouens, uit die hele strekking van die brief is dit duidelik dat die Erasmusse en andere se beoogde trekplanne deur Hart as 'n uitvloeisel van die onveilige lewe en onsekere toekoms op die oosgrens beskou is. Hart het in dieselfde brief ook sy eie vertwyfeling oor die sekuriteit op die oosgrens uitgespreek en bygevoeg dat as hy net kon, hy sy eiendom sou verkoop en die grensgebied sou verlaat.

---

5. *Cape of Good Hope Government Gazette,* 7-8-1835, no. 1546 (Supplement).
6. J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagregisters II,* p. 220.
7. *Cape of Good Hope Government Gazette,* 7-8-1835, no. 1546 (Supplement).
8. Ivan Mitford-Barberton: *Some frontier families* (Kaapstad en Pretoria, 1968), pp. 158-159.
9. K.A.B.: L.G. 14 Letters Received from Private Individuals, A-S, Robert Hart - H. Hudson, 31-8-1835, pp. 107-110.
10. *Ibid.*

Die gekompliseerdheid van die trekgedagte en die motivering daaragter blyk weer duidelik in die Erasmusse se geval. Ten spyte van Robert Hart se vertroudheid met die nuusgebeure van sy distrik en die gevoelens van sy bure, het die Erasmus-familie eers heelwat later vertrek en uiteindelik het dit geblyk dat Lourens Jacobus tuisgebly het en dat net sy drie oudste seuns geëmigreer het.

Individuele oorwegings en dryfvere is hier moeilik om te ontrafel, maar dit is moontlik dat die dood van Lourens Jacobus sr. se tweede vrou omstreeks 1835, 'n belangrike rol in sy besluit gespeel het. Hy is dan ook op 14 Mei 1836 vir die derde keer getroud, naamlik met Anna Margaretha Carolina de Villiers.[11] Moontlik het sy derde vrou of haar familie hom oortuig om nie te verhuis nie. Lourens Jacobus het dus rustig op sy plaas bly woon en mettertyd na die dorp Somerset (later Somerset-Oos) verskuif waar hy op 2 Oktober 1851 oorlede is.[12] Sy seuns het egter Voortrekkers geword. Jacob Lourens Carolus, getroud met Susanna Sophia Erasmus, Coert, getroud met Aletta Catharina Steynberg, en Lourens Jacobus jr., getroud met Anna Dorothea Meyer, het tussen 24 Mei 1836 en 1 Junie 1837 uit die Kolonie vertrek en hulle in Natal gevestig.[13]

Hart se waarnemings in die omgewing van die dorp Somerset is tog vir ons kennis van die invloed van die trekgedagte van waarde omdat dit eerstens 'n paar nuwe gegewens oor die voorkoms en verspreiding daarvan bevat. Dit is betekenisvol dat die berig betrekking het op Afrikanerboere, wat in die onmiddellike omgewing van onder andere Louis Tregardt, Piet Meyer en Hans de Lange gewoon het - almal manne wat reeds vanaf die vroeë jare dertig met die trekgedagte verbind kan word. Tweedens is dit belangrik om te verneem dat daar benewens Tregardt ook ander Afrikanerboere was wat 'n sterk genoeg motivering gehad het om reeds so vroeg as einde Augustus 1835 te wou vertrek. In die sentrale oosgrensstreek was die Erasmus-families van die geesdriftigste Voortrekkers. Sover vasgestel kan word, het daar tot ongeveer 1842 minstens 37 gesinne met die familienaam Erasmus aan die Groot Trek deelgeneem. Hierdie gesinne was uit die volgende wyke en streke in die Kaapkolonie afkomstig:

| | | |
|---|---|---|
| Baviaansrivier (vandag dist. Bedford) ................ | 10 | gesinne |
| Brak- en Kraairivier (Noordoos-Kaap) ................. | 5 | gesinne |
| Bruintjieshoogte (suid van Somerset-Oos) ........... | 3 | gesinne |
| Colesberg-omgewing ...................................... | 1 | gesin |
| Graaff-Reinet-distrik ........................................ | 2 | gesinne |
| Koonap (distrik Adelaide) ................................ | 2 | gesinne |
| Oos-Rietrivier (distrik Bedford) .......................... | 1 | gesin |
| Swagershoek (noord van Somerset-Oos en ook distrik Pearston ............................................. | 9 | gesinne |
| Tarka (distrik Tarkastad) ................................. | 3 | gesinne |
| Onbekend .................................................... | 1 | gesin |
| **Totaal** .......................................................... | **37** | **Erasmus-gesinne**[14] |

Ten slotte is bogenoemde 'n bevestiging van die komplekse aard van die oorsake waarom mense besluit het om te verhuis. Weer eens moet in gedagte gehou word dat berigte oor die vertrek van 'n geselskap of 'n gesin of selfs 'n individu, nie noodwendig beteken nie dat daar (a) onmiddellik vertrek is, (b) dat al die lede van die geselskap of gesin vertrek het en (c) dat almal in die geselskap of gesin gelyktydig vertrek en beweeg het.

---

11. J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagregisters II*, p. 220.
12. K.A.B.: M.O.O.C. 6/9/56 Death Notice No. 1095.
13. 'n Milisie-opname toon dat die Erasmusse in die eerste maande van 1836 nog in hul wyk was. Vgl. K.A.B.: L.G. 55, Despatches Received from Governor, Cape Town, 24-5-1836, pp. 60, 63. Lyste wat hulle vertrek rapporteer en staaf is te vinde in K.A.B.: L.G. 231 Letters Received from Civil Commissioner, Albany, "Return of Persons ..." (ingesluit by W.M. Edye - H. Hudson, 3-5-1838), pp. 127-135; K.A.B.: L.G. 265 Letters Received from Civil Commissioner, Somerset, "List of persons ...", 20-6-1837, pp. 124-127; Doopregister van die N.G. Kerk, Pietermaritzburg, 1841-1847, 25-7-1841, no. 150 en 3-10-1841, no. 191.
14. Voortrekkerpersonalia (Ongepubliseerde manuskrip in besit van skrywer).